

Ref 500 Feesgeleentede deur die TKR aangebied

Houtkruis... 'n Musiekblyspel uit die Reformasie.



Een van die produksies wat met die samewerking van die Tussen Kerklike Raad aangebied word, is die musiekblyspel, *Houtkruis*, wat in 2008 deur 24 000 mense in die Staats-teater gesien is.

Martin Luther het sy 95 stellinge teen 'n kerkdeur vasgenael en skielik kan jou geloof in Christus jou jou lewe kos! Te midde van boere-opstande en monnikgesang speel twee verhale van liefde hulle af teen die agtergrond van verraad en vergifnis.

Dit is waaroor *Houtkruis*, die grootste Afrikaanse musiekblyspel tot dusver, gaan. Terwyl die brandstapel wag word Vader Phillip verhoor en kans gegee om sy woorde teen die pous en die aflaatstelsel terug te trek en homself “te bekeer” van Luther se stellings oor genade deur Jesus se kruisdood alleen. Musiek wissel van verwerkings in Gregoriaanse gesangstyl tot groot treffers soos Die Via Dolorosa, Hierdie Kind, en die tema lied, Daar was 'n Houtkruis.

Die hoofrolle word vertolk deur Jannie Moolman, Zita Pretorius, Marno van der Merwe, Edrien Erasmus, Rouel Beukes en Pieter Smit.

Houtkruis word op Vrydagaand 3 November, Saterdag 4 November om 11:00 en 15:00, en Sondag 5 November om 15:00 in die ou NG Kerk in Rubensteinstraat Moreletapark opgevoer. Kaartjies wissel tussen R120 en R200 en is beskikbaar by **iTickets**. (iTickets.co.za).

Maarten Luther... Genade Alleen

Met die bekende akteurspaar Carel Trichardt as Maarten Luther en Petru Wessels as die verteller, speel die veelbewoë lewe van Luther op die verhoog af. Na die sukses van *Die Groot Gryse* tydens die GKSA se 150-jarige fees, waarin Carel die rol van Paul Kruger treffend vertolk het, het hy Ds. Cassie Aucamp versoek om 'n verhoogstuk te skryf oor Maarten Luther.



Hierdie stuk neem die gehoor deur die hoofmomente van Luther se lewe en die innerlike stryd wat in hom woed en uitloop op die onstuitbare golf van die Reformasie. Die kernwaarhede van die Reformasie word met die lewe van Luther as dekor by die gehoor tuisgebring. Die blywende indruk is die van genade alleen.

Katrien Holm sorg vir bypassende musiek met klavier, viool en fluit.

Die stuk word aangebied deur verskillende gemeentes en instansies, soos in die Feesrooster aangedui.

Uit Diep van Donker Nagte



Dit was net logies dat die verhoogstuk wat tydens Aardklop 2001 soveel belangstelling uitgelok het met die 500-jarige viering van die Reformasie weer opgevoer sou word. Ina Opperman is die skryfster en regisseuse.

Die gehoor word op verrassende wyse midde in die dramatiese gebeure geplaas wat 500 jaar gelede afgespeel het in die lewens van gewone gelowiges. Kyk gerus weer na Die Kerkblad van Augustus om onder die indruk van hierdie treffende produksie te kom.

Kom herleef die dramatiese gebeure van Luther en sy tydgenote, Calvyn en Guido de Bres, die Bartholomeusnag en die Hugenote se vlug na Suid-Afrika.

Die produksie word aangebied by die Gereformeerde Kerk Centurion van 25 tot 28 Oktober. Kaartjies is reeds beskikbaar by Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn. Vir navrae stuur 'n e-pos aan navraeddn@gmail.com.

Spelers wat aan die 2001 produksie deelgeneem het word versoek om Ina dringend te skakel by 083 650 2186. Sy wil julle graag aan die 2017 gehoor bekendstel.

Feeserediens Sondag 29 Oktober



Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500 Feesvieringe deur die Tussen Kerklike Raad (NG, NH en GKSA), vind op **Sondag 29 Oktober** in die kerkgebou van die NG Kerk Universiteitsoord plaas.

Dit is in die vorm van twee eenderse fees-eredienste, die middag om 15:30 en die aand om 18:30.

As predikers tree Prof. Gert Breed en Dr. Stephan Joubert op, terwyl Ds. Hannes van der Merwe as liturg optree. Dit word voorafgegaan deur 'n historiese visuele program, 'n 30-instrument simfonieorkes onder leiding van Braam van Tonder en 'n massakoor onder leiding van Renette Bouwer.

Omdat sitplek beperk is word besprekings vooraf gemaak. 300 Kaartjies vir elke diens is aan die GKSA toegeken teen die nominale bedrag van R30 per kaartjie.

Om u plek te verseker, stuur 'n e-pos aan Ds. Cassie Aucamp by anberg@absamail.co.za, waarin jy 'n getal kaartjies vir jou of jou gemeente uitboek en ook meld of dit vir die 15:30 of die 18:30 diens is.

Die bespreking sal vir 'n week oopgehou word, waarbinne die bedrag oorbetal moet word in die volgende rekening: ABSA ; Rekeninghouer: Raad van Finansies Rekening nommer: 200 00 287. Verwysing is 16REFO + van, voorletters. Stuur dan die bewys van betaling aan Ds Aucamp en hy sal die kaartjies aan jou e-pos.